### *Voortsetting van die regsaak teen die fariseërs*

**142** (**VERVOLG**) [9] **Cyrenius** sê: "U weet tog baie goed wat die oorsaak was van die verskynsel wat gister plaasgevind het. Waarom lê u vir u gelowiges dan nie die ware toedrag van sake uit nie, waardeur alle gemoedere sekerlik gerusgestel sou gewees het?! Waarom lieg u vir die volk, waardeur u die basis lê vir die groot ontsetting en verwarring, en die huidige opstand teen u?! Waarom pers u van die volk die mees ongehoorde en tiranieke offers af, terwyl u tog weet wat die oorsaak van die verskynsel was en dat dit niks te make het met die voorspelling van Daniël nie?!

[10] Lê dit vir my uit en verdedig die skandalige gedrag van u kant teen die arme blinde, en deur u dom en bygelowig gemaakte volk!"

[11] **Die owerste** sê: “Ek het u sopas gewys op u Scylla en Garybdis, maar u kan dit blykbaar nie verstaan nie! Kyk, toe die son gister, net soos ten tye van Josua, die aand ongewoon lank verlig het, het dit baie van ons vooraanstaande geloofsgenote opgeval. Hulle het na my toe gekom in die sinagoge, my gevra vir `n uitleg en het my ook vertel dat al die Judeërs baie ontsteld daaroor was. Ek het vir hulle so goed as moontlik die saak al by die eerste besoek uitgelê, en het aan hulle verklaar dat die verskynsel baie natuurlik was in hierdie periode waarin die lengte van die dag en die nag aan mekaar gelyk word. Hulle het toe gegaan, maar het nie geweet hoe om die volk tot ruste te bring nie. Mense het in die ooste vallende sterre gesien, en het die wat die volk tot ruste wou bring, dadelik attent gemaak op die voorspelling van Daniël. Tewens het die volk hulle gewaarsku om so iets nie vir hulle verborge te hou nie! Maar na `n tydjie het die son verdwyn, of die lugverskynsel plotseling en het dit ontsettend donker geword! Toe was dit egter ook klaar met al tot ruste gemaan! Nou moes en sou die einde van die wêreld daar wees, elke teenspraak van ons kant sou ons onmiddellik die lewe gekos het!

[12] Kyk dit was Scylla! Die omstandighede het ons genoodsaak om die verhaal van Daniël as waar te verkondig, en gesien in die lig van die omvang van die dreiging ook die swaarste boetedoening te eis, om sodoende die volk in hul hart tenminste hoop te laat vestig op Elohim se medelye! Ons het egter baie goed ingesien dat ons op die huidige, klare oggend in die Garybdis sou beland. Maar as `n mens tussen twee booshede moet kies, kies `n mens liewer die eerste en kleiner boosheid as die tweede, wat dadelik die ondergang teweeggebring het. Ons het dus volgens die omstandighede gehandel, wat ons nie veroorsaak het nie, baie korrek en regverdig omdat dit onmoontlik was om anders te handel. Hoe kan u as regverdige Romein ons nou daarvoor wil oordeel? Lê u dit nou eers vir ons uit!"

[13] **Cyrenius** sê: "Ja, ja, dit klink nie so gek nie, maar dit is die vraag, wat sou u met al die ontvangde offers gedoen het! Want die einde van die wêreld, ter voorkoming waarvan u die offers gevra het en geneem het, het vandag nog nie gekom nie, soos nou blyk! Sou u alles weer aan die arme volk teruggegee het?"

[14] **Die owerste** sê:" Geëerde gebieder! Dit is werklik `n vreemde en baie oorbodige vraag! Dit spreek tog vanself, hoewel dit met baie wysheid en versigtigheid vanweë die blindheid van die volk moes gebeur het. Maar vra u nou ook eers aan die vuur wat alle offers, en al ons voorrade verslind het, wat dit naderhand sal doen!

[15] Die deur die omstandighede en nood vereiste prediking van die voorspelling van Daniël hoef gladnie tot gevolg gehad het dat ons huise en sinagoges verbrand word nie, wat u wyse geloofsgenote weens `n ou wrok teen ons bewerkstellig het. Ons kom daarom nie net vir ons nie, maar ook om vir ons volk te vra, omdat ons nou buite ons skuld bedelaars geword het. Hoe wil of hoe kan u ons nou daarvoor, in plaas van om te help, wil veroordeel en selfs straf?! Kyk nou eers na die hele stand van sake, die oorsaak en die feite, dan moet u tog met meer as sewevoudige blindheid geslaan wees as u ons hier skuldig wil verklaar!"

### *Die mening van die owerste van die fariseërs oor JaHshua*

**143** **Cyrenius** sê: "Dit is nie my bedoeling nie, maar ek wil u maar net - en daaraan is alles vir my geleë - grondig verbeter en egte mense van u maak! U kan u innerlik wel uitstekend agter weldeurdagte, slim woorde verberg, en hier nog makliker, omdat die omstandighede in `n sekere sin tot u voordeel strek, en geeneen van ons kan met sekerheid beweer wat u, as die brand byvoorbeeld nie plaasgevind het nie, met die reeds versamelde offers sou gedoen het. Maar ek stel nou `n ander vraag, en vra u of u met `n suiwer en rustig gewete dit, wat u my hier vertel het, ook net so aan die alwetende profeet EliJaH of `n engel van Elohim, wat u hart en niere kan deursoek, sou vertel het?

[2] Ek besweer u by my keiserlike erewoord, wat getrou en magtig is: Daar is hier in my geselskap `n aantal wyses - nie van myne nie, maar van u geloof, - vir wie die mees geheime gedagtes van die mens ewe helder en deursigtig is soos `n openlik begane daad! As hulle u op die proef sou stel, sou u hulle dan met net so `n onbeswaarde gewete te woord staan soos vir my? Want van my weet u dat dit my nie aan verstand en skerpsinnigheid nie, maar wel aan alwetendheid ontbreek?! Ek het hierdie mense grondig ondersoek, en het bevind dat met hulle beslis nie te skerts is nie! Ek sal ook vir u deur hulle laat ondersoek. As alles so is soos wat u my nou vertel het, kry u alles en nog baie meer as waarvoor

u gevra het. As die genoemde wyses egter iets anders oor u getuig, sal die broer en oom van die heerser wat nou op die troon sit, wel baie goed weet wat hy moet doen!"

[3] **Die owerste** sê: "Waarmee kan u ons hiervan oortuig dat hierdie deur u genoemde wyses ons vriende en nie ons vyande is nie, en of hulle ten opsigte van ons geen misbruik van hulle wysheid sal maak nie? Want ons is nou eenmaal fariseërs en as sodanig gehaat in Galiléa, omdat ons onsself streng hou by die gebooie, en slegs Moses en die profete predik, terwyl al byna die hele Galiléa aanhangers is van die Egipties-Griekse filosofie. As u wyses daarom Galileërs is, sal hulle in hul wysheid geen goeie woord oor ons sê nie, en daarom wys ons vooraf al alle Galilese wyses, wat ons vyandig gesind is, van die hand!

[4] Bowendien staan daar ook geskryf dat `n profeet nooit uit Galiléa gekom het, en kan kom nie, omdat juis die Galileërs as ketters van die Judese geloof te ver van die ou, Mosaïese wysheid verwyderd is! Maar as die wyses uit Judéa is, sal ons hulle ook aanhoor!"

[5] **Cyrenius** sê: "Die wyses wat ek genoem het, het so `n plek in my geloof en in my hart, dat elke woord uit hulle mond vir my eintlik al uit die hemel kom, hoewel ek nie bepaald van mening is dat iets wat waar moet wees, juis daarom uit die hemel moet kom nie. Want elke waarheid bly op aarde net so goed waarheid soos op die vleuels van die lig uit alle hemele! Want een peer en nog `n peer moet in die hemel netsoos op aarde twee pere wees, - so nie, dan is die hemel `n leuen!

[6] Daarby het ek nóg `n vraag aan u! U het juis geprotesteer teen die Galilese wyses en dit het my die indruk gegee dat u miskien nog `n ander rede het as maar net die Griekse filosofie! Daar het tog in Nasaret `n man opgestaan wat baie groot wonderbaarlike dinge doen, die mense `n nuwe geloof leer wat uit die hemel afkomstig moet wees, en die egtheid daarvan bevestig deur ongekende wonders! - Sê my of u al van hierdie Mens gehoor het, en wat u mening oor Hom is!"

[7] **Mathael** sê saggies: "Nou het u hom goed bygedam! Nou sal hy dadelik sy kleure wys!"

[8] **Die owerste** antwoord: "Het die bedrieëry van die kwaksalwer wat by ons baie berug is, vir wie die timmermansbyl te swaar geword het, en liewer deur lekker leeg te lê, vooruitkom as deur deeglike werk, ook al tot u ore deurgedring? Kyk, ons as wettige priesters wil nou van u kostes verhaal, wat uit elkeen van u woorde en aan u gesig maar al te duidelik merkbaar is. Maar so `n bedrieër, so `n volksverleier wat met behulp van ingestudeerde toorkunste uit die Môreland, kry van u in `n sekere sin vrye spel, Hy kan doen wat Hy wil en aan Sy woord sal u wel heelwat meer waarde heg as aan die van ons, waarvan die waarheid tog deur die verstand, die groot intelligensie, en wat hom binne die wettige orde van die menslike gevoel bevind, duidelik bevestig word! Ek ken die bedrieër wat u bedoel, en het hiermee dan ook alles gesê!"

[9] **Cyrenius**, duidelik baie opgewonde oor hierdie uitlating, sê: "Die mening wat u my nou oor `n man gegee het, kon nie erger tot u nadeel gestrek het nie! Maar die keer het u tenminste die waarheid gepraat, dat u my u innerlike laat sien het soos wat dit in werklikheid is. Ek ken u bedrieër maar al te goed, en weet hoe dit met Hom staan, maar ek ken u ook nou heeltemal, en weet hoe dit met u staan! Dat ek nie elkeen sonder meer as betroubaar aanvaar nie, sonder om hom deur en deur te leer ken nie, daarvan lewer ek u nou die bewys wat beslis nie te weerlê is nie!

[10] Hier voor u staan die huidige koning van Pontus. Gistermôre het hy nog as `n swaar gekettingde misdadiger voor my gestaan, en sou maklik tot die kruis verdoem geword het, maar ek het alles baie presies ondersoek, ontdek toe sy onskuld en maak hom, omdat hy baie wys is, dit wat hy nou is!

[11] Ek is strenger as elke ander regter, maar ek is baie regverdig ten opsigte van elkeen. As iemand tydens die noodsaaklike ondersoek leed aangedoen is, en sy onskuld later bewys word, sal ek soveel in my vermoë doen om die leed in vreugde en voorreg om te sit, waarvoor hierdie nuwe koning vir julle as bewys kan dien.

[12] Maar nog baie skerper as elke ander het ek nou juis die Násarener getoets en het bevind dat Hy so `n volmaakte mens is, soos wat daar nog nooit iemand voor Hom op aarde was, en daar ook nooit weer na hom sal wees nie. Hy is derhalwe ook heeltemal vervul en deurdrenk van die ware Gees van Elohim, en handel en praat ook maar net uit eindelose, onmeetbare Krag en Almag. So het ek die Násarener leer ken, en die hoogste agting en liefde tot Hom het my vervul met `n gloed, hoewel Hy in die eintlike sin van die woord `n ortodokse Judeër is.

[13] O, ook ons Romeine weet om die Judese geloof te ag as dit volgens Moses en alle profete sou wees: vol Gees, Krag, Liefde, Waarheid en Wysheid. Maar `n Judese geloof, soos wat u dit onderhou, is vir ons Romeine, wat die Gees en Waarheid liefhet, `n gruwelike verwoesting van die gewyde plek soos u profeet Daniël dit voorspel het! Dit is dan my mening oor die Násarener wat so diep deur u verag word. - Wat kan u nou daarteen inbring?"